



Die sangeres Nedine Blom, haar man Bertie en hul kinders, Adriaan (6), Amor (15) en Christiaan (11).

Medicine Blom

Dit is die sprokiesagtige myndorpie Cullinan waarheen die sangeres Nedine Blom, haar man, Bertie, en hul kinders koers gekies het sodat hulle meer tyd saam kan deurbring. Dié maltrap-gesin is baie gesteld op die lekker dinge in die lewe, soos lag, speel en musiek maak. Hulle het ook gou geleer hoe om 'n saamgeflanse gesin te laat werk.

Terésa Coetzee

1. Jy is 'n ma met 'n L.LB-graad, 'n internasionale skoonheidstitel én 'n sangloopbaan agter jou naam

En tog is die mamma-titel die een wat ek die heel meeste geniet! Ja, ek is 32 jaar gelede in Bloemfontein gebore, maar het eintlik in Koffiefontein en later in Bronkhorstspruit grootgeword. Ná skool het ek regte gaan studeer by Tukkies en my klerkskap voltooi. Ek het as 'n regsadviseur begin werk, maar het in my hart geweet my roeping is om te sing. En tog was ek hopeloos te skaam.

Nadat Bertie in my lewe gekom het, het hy my 'n hupstoot tot op die verhoog gegee en só het my sangloopbaan begin. Ek het van die begin af besluit ek wil musiek maak wat mense inspireer. Wat die skoonheidstitel betref: Ek is in 2006 as Mev. Verenigde Nasies gekies.

2. Jou huwelik met Bertie sewe jaar gelede het beteken dat jy 'n kitsmamma geword het. Was dit moeilik?

Bertie het twee kinders uit 'n vorige huwelik, Amor (15) en Christiaan (11). Ons seuntjie Adriaan (6) is uit ons huwelik gebore. Natuurlik was daar aanvanklik aanpassings, maar ek het van die begin af 'n wilsbesluit geneem dat ek nie die nare stiefma in die verhouding sou wees nie. Ek was nog altyd eerlik met hulle en ons het 'n baie oop en lekker verhouding.

Omdat ek self nog jonk was, dink ek ek was aanvanklik 'n bietjie streng, maar ek het vinnig besef hulle is maar net klein mensies.

3. Watter soort ma is jy?

Ek hou van roetine en struktuur, omdat ek glo kinders het dit nodig om te floreer. Maar ek hou net so baie daarvan om pret saam met hulle te hê. Soms sal ons ons gesigte verf, op die mat lê en Scrabble speel of saam op die springmat hier buite spring.

4. Wat is volgens jou die grootste uitdagings van 'n saamgestelde gesin?

Ek dink dis die hele naweek-ding. Omdat Christiaan en Amor in die week by hul ma is en net naweke hierheen kom, het dit 'n ruk geduur →



om daaraan gewoon te raak. Aan die begin het dit almal kwaai ontwig, veral vir Adriaan, vir wie dit moeilik was om te verstaan waarom die huis Maandae skielik so leeg is. En ja, Amor en Christiaan se ma het ander reëls in die week as wat ons in ons huis het, en dit maak dit moeilik. Ons het gelukkig almal nou goed by dié struktuur aangepas en ons is baie rustiger as aan die begin.

5. En wat is die positiewe kant van 'n saamgestelde gesin?

Die kinders het vroeg emosioneel begin ontwikkel en ons almal het geleer dat ons sag moet wees met mekaar. Ons het mekaar nodig.

6. Het jy een goeie wenk vir ander ouers in saamgestelde gesinne?

Ek het geleer dat ek soms moet terugstaan en vir Bertie en sy kinders tyd alleen moet gee. Hulle het aanvanklik die eerste paar dae van die vakansie alleen saam spandeer voordat ek en Adriaan by hulle aansluit. Ons maak ook 'n punt daarvan om alleentyd hier by die huis met elke kind deur te bring. Ek beskou ook nie vir Amor en Christiaan as Bertie se kinders nie. Hulle is óns kinders, en my kinders ook.

7. Jul gesin bring baie tyd saam deur, nè?

Ja, dit was een van die grootste redes waarom ons hier in Cullinan kom woon het, sodat ons meer tyd vir mekaar kon kry. Ek sal byvoorbeeld smiddae vir Adriaan vra wat hy by die skool gedoen het sonder om vreeslik reaksie te kry. Maar sodra ek saam met hom by die tafel gaan sit en inkleur, begin hy sy hartjie oopmaak.

Bertie is 'n advokaat wat vir homself werk en sy werkure is gelukkig buigbaar, sodat ons lekker baie tyd saam kan deurbring.

8. Julle hou dikwels huisvergadering

Omtrent een keer elke twee maande kom sit ons almal in die woonkamer en dan kry elkeen in die huis 'n beurt om sy sê te sê. Ek sal byvoorbeeld sê dis vir my sleg dat die kinders so onnet is, maar dan mag hulle daarop reageer en hulself verdedig. Ná elke vergadering sorg ons eers dat ons oor lekker goed praat.

9. Is dit moeilik om te dissiplineer, veral omdat die kinders net naweke by julle is?

Aan die begin was dit 'n uitdaging, veral omdat ander reëls in die week by hul ma se huis geld as naweke by ons. Ek en Bertie het 'n merietestelsel begin waar ons plusse en minusse gee vir goeie en slegte gedrag. En ons sorg altyd dat die belonings die moeite werd

is. Maar ek probeer doelbewus om nie 'n raas-ma te wees wat heelyd mor en kerm nie. Die lewe is eenvoudig net te lekker en te kort daarvoor.

10. Voel julle positief daaroor om jul kinders in ons land groot te maak?

Absoluut. Ons bid elke dag vir die beskerming van die Here oor ons kinders en ons glo hulle kry dit. Hul wapenrusting is Efesiërs 6 en ons weet dat God se bewaring groter en kragtiger as enige van die misdadigers in ons land is.

11. Jy werk aan 'n baie opwindende nuwe kinderprojek. Vertel ons daarvan.

In Oktober word my eerste kinder-CD uitgereik en dit gaan die land ongetwyfeld laat gons. Dis hip, modern, speels en baie lekker opgewek en vrolik. Ons het verskriklik baie tyd bestee en moeite gedoen om musiek te vind waarvan kinders gaan hou. En boonop is die lirieke almal inspirerend of opvoedkundig.

12. Wat is die waardes wat jy graag vir jou eie kinders wil leer?

Dat jou verhouding met die Here die allerbelangrikste faset van jou lewe is – daarsonder het jy nie rigtingwysers vir jou lewenspad nie.

13. En 'n belangrike lewensles wat jy as ouer by jou kinders geleer het?

Dat jy altyd 'n voorbeeld vir hulle behoort te wees en dat hulle jou baie fyn dophou, al is jy nie eens daarvan bewus nie. Kinders is regtig soos sponsies en jy moet weet dat hulle jôú gedrag baie maklik absorbeer.

14. Baklei die kinders soms en hoe hanteer julle dit?

Aanvanklik het ek dit baie persoonlik opgeneem as die kinders baklei het – veral Christiaan en Adriaan – maar later het ek besef dis werklik nie net omdat hulle halfbroers is dat hulle soms koppe stamp nie; alle kinders kan maar lekker baklei. Ek probeer 'n afstand bewaar en meng nie te veel in nie; hulle moet maar mekaar uitsorteer.

15. Hoe sorg jy en Bertie dat jul huwelik gesond bly?

Ons máák tyd vir mekaar, hoewel ons steeds altyd voel dis nie genoeg nie. Behalwe musiek deel ek en Bertie nóg 'n groot passie, naamlik kos. Ons is mal daarvoor om lekker te gaan eet by 'n eksotiese restaurant. Wanneer ek optree, doen Bertie my klank en dan is ons gelukkig ook saam. BK

Foto's: Noeleen Foster Grimmering en hare: Heidi Gouws Foto's geneem by Jan Harmgat se Agterplaas

10 Gelukkige lesers kan elk 'n kopie van Nedine Blom se hipermoderne kinder-CD wen!
Sms: BK111Nedine, jou naam en posadres na 35405 voor 9 Oktober 2008. *Inskrywingsreëls op bl.124.